Oordenking
14 Oktober 2009

As niks verander nie.

Die feit dat ons op 25 Oktober 2009 "Calvyn-fees" vier beteken NIE dat ons verlang na omstandighede in die verlede en dat ons dink dat tradisionele gebruike en idees nooit mag verander nie! Inteendeel. Die leuse van die Gereformeerde kerke was nog altyd: *Gereformeerdes bly altyd reformeer!*

Verandering hou egter vir baie mense 'n emosionele bedreiging in.
Maar as ons sleutel-idees, ons gebruike, tradisies en gevoelens nie verander nie, kan dit soms selfs my lewe in gevaar stel. Daar is 'n gesegde wat sê: *"As niks verander nie, dan bly alles net soos dit is"*. Dit beteken, ek gaan voort om alles te doen soos voorheen, ek sal van die lewe bly ontvang wat ek nog altyd daaruit ontvang het, en ek sal dieselfde emosies bly ervaar, wat ek nog altyd ervaar het!

Die beginsel geld vir my persoonlike lewe, vir my gesinslewe en vir ons gemeenskapslewe en kultuur.

As ek verlang na verandering en verbetering, in plaas daarvan om net met nog meer met die dieselfde omstandighede gekonfronteer te word, en vasgevang te sit in die idees wat dié omstandighede tot gevolg gehad het, en bly voortgaan om die emosies te bly ervaar waarmee ek nou worstel, *dan moet ek verander!*
*As ek verlang na verandering in my lewe, dan sal **ek** moet verander!*
My omstandighede sal nie verander, voordat EK verander het nie! My gemeente sal nie verander, voordat ons verandering aanvaar nie.

Dit gebeur soms dat ons op 'n onbewuste vlak kies om liewer oneffektief, irrelevant en emosioneel en fisies siek te word, as om te verander.
Dit gebeur met mense, huwelike, besighede, organisasies – en ongelukkig, selfs met die kerk.

Ons lees in Joh 1: 11: *"Hy [Jesus Christus] het na sy eiendom toe gekom, maar sy eie mense het Hom nie aangeneem nie!"*

Die "kerkmense" in die tyd van Christus op aarde, het die Messias verwag, maar het Hom nie aanvaar toe Hy gekom het nie, want Hy was nie soos hulle tradisies Hom verwag het nie. Hy was radikaal anders. Hulle wou nie 'n Messias hê soos Jesus was nie, want volgens hulle tradisies sou die Messias die onderdrukkende Romeinse regering omverwerp. Hulle was nie gewillig om hulle denke te verander nie, het Christus verwerp en het dus verlore gebly, met Jesus tussen hulle!

Die idees waarmee ons groot geword het, die gewoontes, tradisies en gebruike, kan net ononderhandelbaar bly, as dit Bybels is, as dit GOED IS VIR ONS; en as dit relevant is vir ons lewens.

Hoewel die waarheid nooit verander nie, verander die eise van die tyd! Netso verander die behoeftes van mense! Wanneer ons tradisionele maniere van dink en doen nie meer op ons dringendste vrae betrekking het nie en geen antwoorde op ons vrae het nie, behoort ons beslis meer openheid ten opsigte van veranderinge te hê.

Die waarheid verander nooit: Die genoegsaamheid en waarheid van die Skrif, die enigste weg en lewe in Jesus Christus, die eise van geloof in Christus, die troos van God se genade en die doel van ons lewe om net tot eer van God te wil lewe, sal nooit verander nie. Dit is die hoe, die waar en die wyse waarmee ons oor vandag se uitdagings dink, watter strategieë ons moet volg en hoedat ons deur gebruike en tradisies nuwe antwoorde kommunikeer, wat moet verander, *voordat enige iets anders tot ons beswil sal verander*.

Kom ons verander die gesegde so: Wanneer niks van ons Christelike hoop en oortuigings verander nie, sal dit moontlik word vir alles anders in ons lewens om ten goede te kan VERANDER!

UIT DIE WOORD! Joh 1: 9 - 13
Die ware lig wat elke mens verlig, [Jesus], was aan kom na die wêreld toe. Hy was in die wêreld -- die wêreld het deur Hom tot stand gekom -- en tog het die wêreld Hom nie erken nie. Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.